

Maandag 16 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 2:1-6

Fokusgedeelte: Matteus 2:1-6

Die langverwagte Koning het gekom – as Herder-Koning

Met Psalm 72 wêk die Heilige Gees in God se volk die verwagting na die Koning wat Hy beloof. En hoe meer die volk van God die Psalm sing, hoe meer laat God die Heilige Gees die verwagting in hulle groei. Dit is God se toekoms ... Hy wat na hulle toe kom. In die wêreld aanbid die mens sy ideale, begeertes, sy mag, sy selfverheerliking. Maar God maak deur die Psalmgesang duidelik dat hierdie Koning nie bloot magsbelus soos Herodes is nie, maar juis Herder sal wees.

Van hierdie Herder profeteer Psalm 72:12-14: “Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukke en dié wat geen helper het nie; hy sal hom oor die swakke en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm. Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle lewens sal kosbaar wees in sy oë.”

Herodes, met sy wrede magsbeheptheid, was maar 'n marionet van die keiser in Rome. Vir hom is die koms van die Koning 'n bedreiging vir sy magsposisie. Die belang van die volk wat aan sy leiding toevertrou is, wêk by hom geen empatie nie. Hy kan alleen maar in die paradigma van politiek en mag dink. Maar 'n herder lei en regeer sy skape met ontferming, beskerming en bevryding. Israel se verwagting van die koning was binne dieselfde paradigma as die denkpatroon van Herodes. God gee egter groter, meer as wat die mens verwag. Hy gee 'n Herder-Koning.

Sing: Psalm 72-1:1, 2, 6

Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)